



Geopende Deure

Diens aan vervolgte **Christene** wêreldwyd

FRONTLINIE GELOOF



**Gee hoop om
vervolgte Christene
te herinner dat
hulle nooit alleen
is nie >>>**

Nooit alleen-veldtog

Staan saam met Vervolgde Christene in die Grootste Gevaar

**DESEMBER
2019**

Jy het vir Apo gewys dat hy 'Nooit Alleen' is nie. Dankie! p. 2 | Lees, skryf en Jesus! p. 3
Wêreldwaarnemingslys: Colombië, p. 4 | Jy gee vervolgte kinders hoop, p. 5 | Laat jou
vervolgte familie van jou hoor, p. 6 | Die Familie van God bedank jou! p. 7

Jy het vir Apo gewys dat hy 'Nooit Alleen' is nie. Dankie!

Mens sal dit nooit sê as jy sien hoe hy in die parkie lag en speel nie, maar Apo (volle naam Abraham) en sy familie in Sirië het so baie gely vir die naam van Jesus. Toe Apo maar een jaar oud was, is sy pa ontvoer oor sy Christelike geloof... hy is sedertdien nog nie weer gesien nie.

Vir die eerste drie jaar van sy lewe kon Apo as gevolg van die trauma van die verlies van sy pa, nie praat nie. Sy ma verduidelik dat Apo selfs vandag nog sukkel met die vrees dat hy verlaat sal word:

"Partykeer sê Apo vir my, 'Mamma, jy is so vol deernis vir my, ek het jou so baie lief, moet my nie verlaat nie.' Wanneer ek siek word, sorg hy so mooi vir my. Omdat hy sy pa verloor het, is hy bang om my ook te verloor."

Maar Apo en sy ma was nie alleen agtergelaat nie – want vriende soos jy het hulle bygestaan met jou noodsaaklike gebede en geskenke. Apo is nou sewe jaar oud en hy het 'n glinster in sy oog, wat jy gehelp het om daar te sit!

Jou ondersteuning help om die *Sentrum van Hoop* in Aleppo, wat behartig word deur Geopende Deure, te onderhou. Hier ontvang Apo en sy ma lewensnoodsaaklike hulp, mediese sorg en traumabehandling – dis ook waar Apo opvoedkundige klasse en Bybel-aktiwiteite vir kinders bywoon. *"By die skool is hy een van die uitblinkers, prys God! Ek is baie bly."*

Verder as Sirië, is daar tallose Christen-kindere regoor die wêreld, net soos Apo, wat sukkel om die gevolge van vervolging te oorkom. Deur jou gebede en ruimhartigheid, staan jy saam met hulle



en hul families om hulle te wys dat hulle nooit alleen is nie.

Dit is hoekom jou voortdurende gebede so noodsaaklik is om te help om 'n R10,872,000-doelwit vir die 2019–2020 Nooit Alleen-veldtog te bereik. Saam, kan ons hoop en praktiese ondersteuning bring aan selfs meer vervolgte kinders soos Apo – sodat hulle weet dat hulle nooit alleen is nie.

Besoek **www.neveralone.co.za** om vandag 'n geskenk te gee en kinders soos Apo te help om hoop en 'n toekoms te hê ten spyte van die uitdagings wat hulle vir hul Christelike geloof verduur.

En namens die talle kinders wie jy help, dankie!

Lees, skryf en Jesus!

Christenkinders in Egipte ervaar diskriminasie oor hul geloof. Dit is hoekom ondersteuning, van vriende soos jy, vir Geopende Deure se kinderbediening so h seën is. Jy help vervolgte jongmense deur geleterdheidsklasse, Bybellesse en ander prettige aktiwiteite om sterk, geleerde kinders te word wat weet wie hulle in Christus is.

Hier is h paar kinders se stories wat deur h veldwerker gedeel word wat getuie is van die transformasie wat jy help om moontlik te maak:

Verteenwoordigende foto's gebruik.

Sara (10)



"Sara het nie geweet hoe om te lees en te skryf nie en het geen selfvertroue gehad nie. Wanneer ek haar sou druk, het sy aanhou huil en gesê dat sy nie verdien om gedruk te word nie en dat sy h mislukking is. Jy sal nie nou vir Sara herken nie. **Deur Geopende Deure se opvoedkundige kursusse kan sy nou lees en skryf en doen sy baie beter by die skool.**"

Boules (10)



"Boules kom vanuit h arm Christenfamilie en moes die skool verlaat om h inkomste te help inbring. Ek het sy ouers oorreed om Boules toe te laat om terug te gaan skooltoe. Ons het die familie gehelp om finansieel te oorleef. Boules het nie net gewone skool bygewoon nie, hy het ook ons opvoedkundige kursusse bygewoon. **Hy het begin om vriende te maak en sy studies het baie verbeter.** Hy gaan sedertdien skooltoe."

Mina (12)



"Mina was weerbarstig en aggressief teenoor sy vriende. Hy het meisies gehaat, omdat hulle hom herinner het aan sy sussie wat slimmer as hy was. Hy kon nie lees of skryf nie. Ons het Mina na ons opvoedkundige klasse genooi. Dit het lank gevat, maar sy optrede het verander. Hy het begin om sy sussie lief te hê, en om haar en haar vriende mooi te hanteer. **Hy het h kalmer kind geword wat sy vriende respekteer eerder as om met hulle te baklei.**"

Te danke aan jou, word kinders soos Sara, Boules en Mina die basiese mensereg van opvoeding gegun deur Geopende Deure se opvoedkundige kursusse. Jou vennootskap help ons veldwerkers om *"die kinders se geleerdheidsvlakke en ander aspekte van hul lewens te verbeter"* en *"voorsien hulle van die liefde wat hulle benodig om hul selfvertroue te herstel."*

COLOMBIË

RANG #47 | WWL PUNTE 58

Streek Suid-Amerika

2019 Wêreldwaarnemingslys

#47 uit die top 50

Bevolking 49,465,000

(95% is Christene)

Meerderheidsgeloof

Christenskap (Rooms-Katoliek)

Regering Republiek

Bronne van Vervolging

Georganiseerde korrupsie en misdaad

BID

- + Vir die kinders wat woon en studeer in die huise wat deur Geopende Deure bestuur word – baie is daar vir hul veiligheid omdat hul families gewelddadige vervolging verduur het
- + Vir beskerming vir diegene wat na benedeledede uitreik met die Evangelie en dat baie benedeledede na Christus sal draai
- + Vir voorsiening vir inheemse Christene wat gedwing word om hul gemeenskappe te verlaat



WÊRELDWAARNEMINGSLYS

www.opendoors.org.za/afr/wwl


*Bron: "Save the Children Report: Stolen Childhoods," 2017.



Druk



Geweld



Colombië is een van die top 10 lande waar kinders die ergste ly onder gewapende konflik en het een van die hoogste syfers van kindermoord.* In areas onder beheer van kriminele groepe, is die tendens dat kinders kragdadig gewerf en geïndoktrineer word. Die indoktrinering van guerrilla-groepe op kinders affekteer Christenmeisies nog meer, siende hulle nie net die gewelddadige ideologie moet aanvaar wat vir hulle voorgeskryf word nie, maar dit is ook hoogs waarskynlik dat hulle slagoffers van verkragting en seksuele misbruik sal word. Christene en kerkleiers wat probeer verhinder dat kinders by hierdie groepe aansluit, of wat die Evangelie met benedeledede deel, ly onder teistering, ontvoering en afpersing... party word selfs vermoor.

In inheemse gemeenskappe sal Christenouers waarskynlik gedreig word as daar gevind word dat hulle hul kinders volgens die Christelike geloof grootmaak. Hulle verduur dan vervolging soos, boetes, aanhouding, moontlike uitsetting uit die gemeenskap en selfs die verlies van toesig oor hul kinders.



Jy gee vervolgde kinders HOOP



Die inheemse Christengemeenskap van noordelike Colombië ly onder geloofsvervolging, geweld en uitsluiting – alles omdat hulle die tradisionele oortuigings van hulle gemeenskappe “verraai” het.

Kindwees in hierdie gemeenskappe van Colombië is moeilik genoeg, met kinders wat van so jonk as ses jaar al saam met hulle ouers begin werk. Dit beteken dat hulle lang ure op die lande deurbring om hout te kap, lande te bewerk en diere te versorg – alles om vir die familie h inkomste te help genereer.

Maar hierdie realiteit word selfs moeiliker vir kinders as hulle Christene is.

Dit is wat Mateo* (17) elke dag verduur het. Gelowiges soos hy, in noordelike Colombië, leef konstant onder die loop en verduur teistering. Hulle word dikwels toegang tot basiese hulpbronne, soos gesondheidsorg en onderrig geweier.

“Daar was geen manier waarop ek kon leer nie, gesiene die enigste skole dié is wat deur die inheemse owerhede beheer word. In daardie skole kan jy nie h Christen wees of die Bybel lees nie,” verduidelik Mateo.

Maar dit het alles verander, te danke aan barmhartige gelowiges soos jy. Mateo het h nuwe kans tot die lewe gekry by La Casita, h tuiste vir inheemse kinders wat vir hul geloof vervolgd word. Hy het deelgeneem aan verskeie onderrigprogramme, beroepsopleiding, pastorale leiding en selfs musiekopleiding.

Nou, droom Mateo daarvan om universiteit toe te gaan!

“Hy sal die eerste inheemse Christen van sy stam wees wat h graad verwerf. Hy sal die mite kan hok slaan dat inheemse Christene nie universiteit toe kan gaan nie en sal h pragtige voorbeeld vir ander inheemse mense wees,” deel Javier,* wat die Geopende Deure La Casita toevlugsoord bestuur.

“Ek is baie trots op Mateo. Ons gemeenskap en ons familie het hoë verwagtinge vir hom,” roep sy ma, Agustina,* uit.

Jou ondersteuning help om Colombiaanse kinders te beskerm teen die geweld van vervolging, die hoë kwesbaarheid van hulle gemeenskappe en die seksuele geweld wat deur sommige tradisionele leiers teenoor kinders uitgeoefen word. Te danke aan jou, beweeg Mateo en die ander kinders by La Casita geleidelik nader aan hul doel in God.

*Name verander vir sekuriteitsredes.

Laat jou vervolgde familie van jou hoor



Die grootste geskenk wat jy aan 'n vervolgte Christen kan gee is die wete dat hulle nie alleen is nie. Deur aan jou vervolgte familie te skryf, help jy om hulle hieraan te herinner, en vul jy hulle met hoop en geluk.

Vandag, kan jy vir Florence (13) bemoedig, wat maar tien jaar oud was toe sy verkrag is deur 'n Moslem-Fulani Veewagter.

"Ek het in die kamer saam met my ouma geslaap toe hy ingekom en my verkrag het. Eerlikwaar, sedert daardie tyd, het ek al baie gehuil en kon ek niks kry wat my gelukkig maak nie. Ek het geweier om te eet en het gewig verloor. Mense het gevra, 'Wat is fout met jou?' En ek het net vir hulle gesê, 'Niks nie.'"

"Maar toe het ek die traumaprogram bygewoon. Na die eerste twee dae het ek begin gelukkig voel en het ek gevoel asof alles geleidelik weggaan. En toe ek terug is

huistoe, het baie mense begin vra, 'Florence tel gewig op, wat het gebeur?' Ek het gesê, 'Niks het gebeur nie, dit is net dat ek gemoedsrus het.'"

"Ek het trane in my selfportret gevef want terwyl ek geteken het, het ek oor alles gedink wat met my gebeur het. Maar toe ek klaar geteken is, het ek heeltemal vergeet van die hele ding (vir 'n rukkietje)."

Sal jy asseblief vandag 'n paar woorde van verstreking en bemoediging met Florence in 'n brief deel? Jou briefie sal vir haar meer beteken as wat jy ooit kan dink.

Stuur jou briewe of eposse aan:

Florence, c/o Open Doors SA,
Posbus 1771, Cresta 2118 of
letterwriting@opendoors.org.za.

En bid asseblief dat God steeds aan Florence gemoedsrus sal gee wanneer sy bang voel.

Die Familie van God bedank jou!

Miskien kan jy nie fisies saam met jou vervolgte broers en susters sit en hoor hoe baie jou ondersteuning vir hulle beteken nie – maar weet dat jou liefde en goedhartigheid nie ongemerk gaan nie! Hulle is oorweldig deur elke brief wat geskryf word, elke gebed wat geuiter word, besoek wat afgelê word en geskenk wat vir hulle gegee word.

Afrika



“Ek dank God vir julle programme en dat daar mense oorsee en in al die uithoeke van die wêreld is, wat ons bygestaan het en vir die Kerk en die mense van God gebid het deur al hul situasies, hartseer en bindings. Deur julle gebede is mense sterker en beweeg hulle aan. Ons het aanbeweeg in eenheid.”

– Mary,* Sondagskoolonderwyseres,
Oos-Afrika

Midde-Ooste



“Ek wil julle almal bedank wat ons gehelp het om deur hierdie situasie te kom. Sonder julle ondersteuning, deur gebed en fondse, sou ons mense nie sterk genoeg gewees het om te bly nie. Julle ondersteuning het die Kerk in Irak bemoedig. Ons sal nooit vergeet wat julle vir ons gedoen het nie. Ons mag die vergeet wat ons vervolgt het, maar ons sal nie die vergeet wat by ons gestaan het in ons tyd van nood nie.”

– Kerkleier Daniel, Irak

Asië



“Aan ieder en elkeen van julle, ons mag julle dalk nie sien nie, maar as Christene, as mense van God, bring ons julle daaglik by die voete van Jesus Christus in ons gebede. En ons dank julle vir julle opofferings, en julle ondersteuning, julle liefde vir ons. Julle het 'n groot hart dat julle vir ons bid, vir ons gee, en ons op baie maniere help. Ons dank julle so baie.”

– Abishek,* plaaslike vennoot van Geopende Deure wie vir ons vervolgte broers en susters in Indië sorg

Latyns-Amerika



“Dit is vir my 'n eer dat julle vir my lewe bid sodat God aan my die moed sal gee om my paadjie te volg. Julle is geskenke van God. Julle gebede is 'n gebaar van liefde van die Here.”

– Abraham,* tiener by die Geopende Deure Kindersentrum, Colombië

*Name verander en verteenwoordigende foto's gebruik vir sekuriteitsredes.

VANUIT JAN SE PERSPEKTIEF

Beste vennoot van die vervolgte Kerk,

As h' oupa, raak ek bewoë wanneer ek hoor van kinders wat onder vervolging ly.

Die hartseer is dat in plekke waar geloof die meeste kos, ly kinders dikwels die meeste as gevolg van hul keuse om Jesus te volg, of hulle word teen gediskrimineer oor hul ouers se keuse om Jesus te volg.

Die stories van Apo (bladsy 2) en Mateo (bladsy 4) breek my hart. Wanneer ek aan alles dink wat hulle as jongmense moes verduur, is al wat ek wil doen om daar te wees, hulle in my arms te neem en te druk sodat hulle sal weet dat hulle nie alleen is nie. Maar omdat ek nie dit kan doen nie, sal ek in gebed en ondersteuning my heel beste doen om hulle te laat weet hulle is nie alleen nie.

En ek is so dankbaar vir jou wat dieselfde doen deur jou vennootskap en gebede.

Jesus het gesê, *"Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle"* (Markus 10:14).

Dit is presies wat jy doen wanneer jy saam met Geopende Deure staan om hierdie kinders te help beskerm en te bemoedig in hulle wandel met Jesus. Saam, word ons Christus se ope arms vir hulle – en trek ons hulle in om nader aan Hom te groei.

Dankie vir jou ondersteuning vir ons broers, susters en kinders wat vervolgt word vir die naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. En namate ons die 2019-2020 *Nooit Alleen*-veldtog voortsit, dank ek jou vir enige geskenk waartoe God jou vandag lei om te gee, om die R10,872,00-doelwit te help bereik en saam met Christene in die grootste gevaar te staan.

Mag jy en jou familie h' geseënde en vreugdevolle Kersseisoen geniet!

Saam in Sy diens,

Jan Gouws
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika



Posbus 1771, Cresta, 2118

T +27 11 888 9341

F +27 11 888 9362

E southafrica@od.org

I www.opendoors.org.za



Open Doors South Africa

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors, ABSA - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**
Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552

Bankbesonderhede: Namibië, **Open Doors Namibia, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**

(Faks asseblief die bewys van betaling na: +27 11 888 9362)

Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.

Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org

REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho